# Afrikaans

## WEEK 5
## DINSDAG

## Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# IDIOME:

LAERSKOOL MIKRO

**Wat beteken elk van die volgende idiome:**

1. Al die water van die see kan hom nie skoon was nie.

   ______________________________

2. Water in die see dra.

   ______________________________

3. Iemand heuning om die mond smeer.

   ______________________________

**Gee die idioom vir die volgende betekenisse:**

1. Hy doen iets wat hom in die moeilikheid kan bring.

   ______________________________

2. Nog baie dinge sal moet gebeur.

   ______________________________

3. Sy is daar baie ontuis.

   ______________________________

Laerskool Mikro Kopiereg ©


## ANTWOORDE:

### BETEKENIS

1) Hy het iets onvergeefliks gedoen.
2) Oorbodige werk.
3) Die persoon vlei.

### IDIOOM

1) Jou kop in ’n bynes steek.
2) Daar sal nog baie water in die see loop.
3) Sy is daar ’n vis op droë grond.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# SPEL:

## d/t-WOORDE

Leer die 10 d/t-woorde en skryf ’n speltoetsie.

1) aand
2) arend
3) groot
4) rant
5) skuitjie
6) tand
7) verkeerd
8) vyf
9) vanoggend
10) draad



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# TAALLEER:

## LEESTEKENS

**Vul in: Hoofletters, punktuasie, komma, uitroep, vraagteken**

1. my hond se naam is milo
2. ek bly in rolandstraat in kuilsrivier
3. sy het eerste gekom in atletiek want sy oefen baie hard
4. dis vakansie jippee
5. pa het lemoene appels en pere gekoop
6. wat is jou naam

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# <u>ANTWOORDE:</u>

- 1) My hond se naam is Milo.
- 2) Ek bly in Rolandstraat in Kuilsrivier.
- 3) Sy het eerste gekom in atletiek, want sy oefen baie hard.
- 4) Dis vakansie. Jippee! OF Dis vakansie, jippee!
- 5) Pa het lemoene, appels en pere gekoop.
- 6) Wat is jou naam?



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# LEES: Luidlees

SOEK NA ’N GEDEELTE IN ’n TYDSKRIF EN LEES DIT HARDOP VIR JOUSELF.

- Onthou om jou woorde duidelik uit te spreek.
- Moenie te vinnig lees nie.
- Sit gevoel in jou lees.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# SKRYF:

- Dink mooi hoe jy voel oor die grendeltyd waarin jy jou tans bevind.
- Skryf ’n paragrafie van ongeveel 100-150 woorde oor jou gevoelens.

Laerskool Mikro Kopiereg ©